mention of the reason that he had some problem by being delayed on his way by the police. After having apologised he then said some words of condolences and putting forward the sympathy to the parents of the deceased. Then he later said "I am very much worried about the dying of this person Pappietjie Loape", saying that he does not understand really how it came about because he has got the information that Pappietjie was a cripple, he could not walk. How did it come about that he got shot by the police. He further said "I came to know about the cause which was at school which resulted to this accident", saying that this problem started at Thito School where there was a misunderstanding between the children and the teachers. Children were complaining about the shortage of books and the swearing of the students to female students calling them pigs and saying further that they do not teach them in English, instead they are teaching them in Afrikaans. He further made mention of this that it is said that a teacher kicked a child, namely a girl. This man from Johannesburg, the speaker, made a strong request to the parents to attend to the problems of the children and settle such problems saying that they must look into it, they must sort of settle the problem which is there between the children and the school without any fighting or involvement of violence. He said he feels very bad about this because his organisation is striving for peace, saying that he himself is a peaceloving person and the law, that is meaning the government here is labelling them as people who are in favour of violence. When this person was addressing us there, I had a look at him. His appearance to me was

that/...

that of a gentleman. His facial expression was that of a peaceful person and his behaviour in general was that of a decent person and not of a tsotsi or he was not clad in a tsotsi looking fashion.

COURT : What did he have on? -- He had nice clothes on. Fit and proper clothes.

MR BIZOS : And after the speech did the people disperse? -- Then there was a short prayer after which a customary procedure was followed by one of the family members in thanking the people present there, after which then we dispersed.

I do not want you to tell us what you may have heard from others, did you yourself see any violence that day at or near the cemetery or the deceased's house? -- Not at all. I did not see it.

K1225 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Die oorledene Loape, het u hom geken ? -- Nee, ek het hom nie geken nie.

Weet u of u eggenoot hom geken het? -- Hy het hom nie geken nie.

Wie het u gevra vir hulp by hierdie begrafnis? -- Die meeste van die lede van die "society" waaraan ek behoort woon in die straat van die oorledene Loape se huis. So, een van hulle het my toe genooi.

Maar weet u wie hierdie vereniging van u gevra het om hulp te verleen by hierdie begrafnis? -- Niemand het gevra nie. Die prosedure daar by ons is ons help net.

HOF : Was Loape se moeder lid van die vereniging? -- Nie by hierdie een van ons nie, nee.

MNR. FICK : U sê vir die hof u was aanvanklik by die huis gewees van die oorledene. Was die kis met die oorledene

ook/...

ook by die huis? -- Ja, dit was daar gewees.

Weet u wie het hierdie begrafnisreëlings die betrokke dag getref? Wie was in beheer van die begrafnis? -- Nee, ek sal nie weet nie, maar normaalweg die familielede van daar waar die dood plaasgevind het, is gewoonlik die mense wat die reëlings tef.

Het u op daardie stadium die organisasie COSAS geken? -- Nee, ek het nie.

Ek wil dit aan u stel dat COSAS, ek weet nie of hulle die enigste mense in beheer was nie, maar hulle was van die organisasies in beheer van hierdie begrafnis? -- Omdat ek miskien eers dié dag daar gekom het, het ek dit nie gesien nie.

Beskuldigde nr. 20, net om daarby aan te sluit, het hy vir die mense gesê hoe dit gekom het dat hy by hierdie begrafnis is, hoe dit gekom het dat hy dit bywoon? -- Hy het gesê hy het net gehoor dat hierdie seun oorlede is.

HOF : Hy het nie gesê hy is genooi nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

MNR. FICK : Het hy nie gesê hy is genooi deur COSAS om hierdie begrafnis by te woon en te praat nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. Ek kan nie onthou nie.

HOF : Is hy voorgestel aan die mense daar? -- Ja, hy was voorgestel as 'n persoon wat van Johannesburg af gekom het.

Net dit? -- Ja.

Het hulle net gesê hier is 'n man van Johannesburg en hy gaan nou praat? -- Ja, dit is wat gesê was.

MNR. FICK : Is daar nie gesê "Hier is 'n man van Johannesburg van UDF, hy kom ons toespreek" nie? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Wie/...

Wie het beskuldigde nr. 20 voorgestel daar by die graf? -- Die persoon wat in beheer was van die begrafnis het gesê dat hulle nou ŉ persoon van Johannesburg af kans gee om te praat.

Wie is die man in beheer van die vergaderings? -- Ek kan nie die persoon se naam onthou nie.

ŉ Jong man? -- Nee, dit was ŉ ouerige persoon van middelmatige ouderdom.

Die man wat vir beskuldigde nr. 20 voorgestel het, het hy gesê dat hy self aan enige organisasie behoort? -- Nee.

HOF : Was die gedagte dat die persoon, beskuldigde nr. 20, by die graf moes praat of was die gedagte dat hy in die saal sou moes gepraat het, maar laat gekom het? -- Ek het dit ongelukkig nie gehoor of hy eintlik bedoel was as ŉ spreker by die saal, by die huis van die oorledene of by die graf nie.

Nee, maar u het nou die prosedure daar gesien. Toe u dit gesien het, was dit die gedagte dat die toesprake gehou moet word by die graf of by die saal? -- As ek moet dink sal ek sê dat hy eintlik veronderstel was om ook by die huis van die oorledene iets te sê moes gehad het of by die saal.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 20 nie onder andere ŉ UDF T-hemp aangehad nie? Dit is ŉ hemp waar bo-op gestaan he "UDF"? -- Nee, hy het nie ŉ T-hemp aangehad nie.

HOF : Het hy ŉ baadjie aangehad? -- Ja, hy het ŉ baadjie aangehad.

Het u hom van voor gesien? -- Terwyl hy nog gepraat het daar kon ek hom nie duidelik sien dat ek kan sê dat

ek/...

ek op daardie stadium gesien het dat hy ꞌn hemp aangehad het nie, maar op die stadium toe ons nou wegloop, het ek gesien dat hy ꞌn hemp aangehad het onder die baadjie waar ek vroeër gesien het dat hy ꞌn baadjie aan het.

MNR. FICK : Die hemp wat u van praat, was dit ꞌn T-hemp of wat se soort hemp was dit? -- Dit was ꞌn hemp gewees.

U edele, net vir die hof se inligting in volume 286 op bladsy 15 753 het beskuldigde nr. 20 "I was invited by COSAS branch in Welkom" na hierdie begrafnis.

By hierdie begrafnis, was daar beperkings wat geplaas was deur die plaaslike landdros oor wat daar gedoen mag word en wat daar nie gedoen mag word nie. Is dit reg? -- Nee, ek het nie daarvan bewus geword nie. Wat ek wel van weet is dat daar was ꞌn tydpsbeperking was van die munisipaliteit wat bepaal het soos gewoonlik hoe laat vertrek moet word na die begraafplaas toe.

HOF : U bedoel uit die saal uit? -- Ja, uit die saal uit.

MNR. FICK : Is daar nie by hierdie begrafnis by die huis en by die saal ook weer aan die publiek verduidelik maar kyk, hier is sekere beperkings wat julle mag doen en julle nie mag doen nie? Ons mag net ꞌn sekere pad gebruik, ons mag net van ꞌn sekere tyd af gaan en ꞌn sekere tyd klaar maak? -- Nee, ek het nie gehoor toe dit verduidelik word nie.

Hierdie begrafnisstoet en die verrigtinge by die graf daarna sou u dit alles as rustig en stemmige verrigtinge beskryf? -- Ja, dit was ꞌn rustige stoet en begrafnis gewees, net soos die ander begrafnisse.

HOF : Watter ander praat u van? -- Gewoonlik as ons iemand begrawe.

MNR. FICK/...

Wie het beskuldigde nr. 20 voorgestel daar by die graf? -- Die persoon wat in beheer was van die begrafnis het gesê dat hulle nou ŉ persoon van Johannesburg af kans gee om te praat.

Wie is die man in beheer van die vergaderings? -- Ek kan nie die persoon se naam onthou nie.

ŉ Jong man? -- Nee, dit was ŉ ouerige persoon van middelmatige ouderdom.

Die man wat vir beskuldigde nr. 20 voorgestel het, het hy gesê dat hy self aan enige organisasie behoort? -- Nee.

HOF : Was die gedagte dat die persoon, beskuldigde nr. 20, by die graf moes praat of was die gedagte dat hy in die saal sou moes gepraat het, maar laat gekom het? -- Ek het dit ongelukkig nie gehoor of hy eintlik bedoel was as ŉ spreker by die saal, by die huis van die oorledene of by die graf nie.

Nee, maar u het nou die prosedure daar gesien. Toe u dit gesien het, was dit die gedagte dat die toesprake gehou moet word by die graf of by die saal? -- As ek moet dink sal ek sê dat hy eintlik veronderstel was om ook by die huis van die oorledene iets te sê moes gehad het of by die saal.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 20 nie onder andere ŉ UDF T-hemp aangehad nie? Dit is ŉ hemp waar bo-op gestaan he "UDF"? -- Nee, hy het nie ŉ T-hemp aangehad nie.

HOF : Het hy ŉ baadjie aangehad? -- Ja, hy het ŉ baadjie aangehad.

Het u hom van voor gesien? -- Terwyl hy nog gepraat het daar kon ek hom nie duidelik sien dat ek kan sê dat

ek/...

ek op daardie stadium gesien het dat hy ŉ hemp aangehad het nie, maar op die stadium toe ons nou wegloop, het ek gesien dat hy ŉ hemp aangehad het onder die baadjie waar ek vroeër gesien het dat hy ŉ baadjie aan het.

MNR. FICK : Die hemp wat u van praat, was dit ŉ T-hemp of wat se soort hemp was dit? -- Dit was ŉ hemp gewees.

U edele, net vir die hof se inligting in volume 286 op bladsy 15 753 het beskuldigde nr. 20 "I was invited by COSAS branch in Welkom" na hierdie begrafnis.

By hierdie begrafnis, was daar beperkings wat geplaas was deur die plaaslike landdros oor wat daar gedoen mag word en wat daar nie gedoen mag word nie. Is dit reg? -- Nee, ek het nie daarvan bewus geword nie. Wat ek wel van weet is dat daar was ŉ tydpsbeperking was van die munisipaliteit wat bepaal het soos gewoonlik hoe laat vertrek moet word na die begraafplaas toe.

HOF : U bedoel uit die saal uit? -- Ja, uit die saal uit.

MNR. FICK : Is daar nie by hierdie begrafnis by die huis en by die saal ook weer aan die publiek verduidelik maar kyk, hier is sekere beperkings wat julle mag doen en julle nie mag doen nie? Ons mag net ŉ sekere pad gebruik, ons mag net van ŉ sekere tyd af gaan en ŉ sekere tyd klaar maak? -- Nee, ek het nie gehoor toe dit verduidelik word nie.

Hierdie begrafnisstoet en die verrigtinge by die graf daarna sou u dit alles as rustig en stemmige verrigtinge beskryf? -- Ja, dit was ŉ rustige stoet en begrafnis gewees, net soos die ander begrafnisse.

HOF : Watter ander praat u van? -- Gewoonlik as ons iemand begrawe.

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Behalwe die liedere wat u nou gesê het wat daar gesing is wat vir my na geestelike liedere klink, is daar geen ander liedere gesing nie? -- Nee, daar was nie.

Niks? -- Op hierdie dag op die tydstip wat ek daar was, het ek niks anders gehoor wat gesing was nie.

Ek het in u hoofgetuienis verstaan u kan nie die ander se name onthou nie? -- Ja, ek het so gesê, maar op die tydstip wat ek daar teenwoordig was, weet ek net van die twee wat daar gesing was.

Is dit nie so dat dit is die enigste twee se woorde wat u ken nie? U het nie die ander liedere se woorde geken nie? -- Nee, hierdie is net die enigste twee waarvan ek weet wat daar gesing was. Daar was nie ander gewees nie.

By hierdie begrafnis op enige stadium van die kis van die huis af weggedra is in die Phillip Smith Saal en daarna toe die kis na die graf toe gedra is en tot die begrafnisgangers uiteen gegaan het, is daar op enige stadium slagspreuke geskreeu soos "Amandla Ngawethu" of "Mayibuye e Afrika" en met die gebalde vuis in die lug gewys? -- Dit was gedoen gewees by die Smith Saal. Dit is toe ŉ persoon geroep was om iets te sê oor die geskiedenis van die oorledene. Net voor daardie persoon begin praat het, toe hierdie persoon geroep is, was dit geskreeu.

Wat was geskreeu? -- Die gebalde vuis was omhoog gehou en daar was gesê "Amandla Ngawethu".

Het die hele gehoor saam geskreeu? -- Daar was van die mense wat daarop gereageer het, maar nie almal nie. Byvoorbeeld, ons, die ou mense wat saam met my daar was, het nie daarop gereageer nie. Ons het eintlik niks gedoen

nie/...

nie.

HOF : Was daar baie jong mense? -- Die meeste mense daar was die ou mense. Die jong mense het by die stoet aangesluit. Dit was nou terwyl ons op pad was na die begraafplaas toe. Moet ek nog iets sê?

As u nog iets te sê het oor die onderwerp. Die vraag is was dit merendeels jong mense? -- Ja, my antwoord was die meeste mense wat daar teenwoordig was, was die ou mense. Daar het wel nog ɦ groot getal mense, dit wil sê ou mense en kinders, aangesluit by die stoet terwyl ons op pad was na die begraafplaas toe.

MNR. FICK : Hoekom het u nie saam geskreeu "Amandla Ngawethu" nie"? Wat het u gevoel is verkeerd daarmee of wat is die rede? -- Ek het nie ɦ juis ɦ rede hoekom ek nie daarop gereageer het nie. Mense kan bymekaar wees en daar is ɦ groot getal mense en iets word gedoen. Dit hang van jou af of jy iets daaromtrent wil doen en of jy deel gaan neem daaraan. Ek het net besluit ek doen dit nie.

HOF : Ek kry die indruk dat vir die ouer mense die geskreeu van "Amandla Ngawethu" op ɦ begrafnis iets ongewoon is? -- Dit het my nie verbaas nie. Ek sal u sê hoekom dit my nie verbaas het nie. Mense se gewoontes en prosedure verskil. Partykeer kry jy mense wat tamboere slaan as hulle na die begraafplaas toe gaan en dan loop daardie mense en draf. Partykeer kry jy mense wat normaalweg stap sonder dat iets gesê word. So, dit was niks snaaks vir my nie. Dit is die rede hoekom ek sê daar was niks snaaks vir my nie.

Hier op aarde kan ɦ mens enige ding verwag, maar het u al ooit "Amandla Ngawethu" geskreeu op ɦ begrafnis?

Nee/...

-- Nee, dit was die eerste keer wat ek daarvan gehoor het daar.

MNR. FICK : U sê u het in 'n motor gery van die saal af na die begraafplaas toe. Hoe ver van die voorpunt af was die motor wat u in gery het? -- Ongelukkig het ek nie getel nie. Al wat ek vir u kan sê is, daar was wel voertuie voor die voertuig waarin ek gery het en daar was ook voertuie agter ons. Meeste van die tyd gee ons die kans aan die familielede om voor ons te wees. So, die meeste van die voertuie was voor gewees.

Van die saal af, die Phillip Smith Saal na die begraafplaas, is die kis weer gedra. Is dit reg? -- Ja, dit was gedra.

En om meer presies te wees die mense het met die kis gehardloop? -- Nee, hulle het nie gehardloop nie.

Was die kis heel voor? -- Ja, dit was heel voor.

Was hy op die skouers gedra? -- Dit was hoog gehou soos ek nou aandui bokant die skouers. Ek kan net nie sê of hulle dit op 'n stadium op die skouers gedra het nie.

Weet u wat se ding is 'n banier? -- Nee, ek weet nie.

Dit is 'n stuk lap wat hulle aan stokke aan die punte vasmaak en dan hou hulle dit hoog in die lug, die mense. Was daar sulke goed by die begrafnis? -- Ja, daar was sulke goed. Ek het bewus daarvan geword by die graf dat daar 'n lap was. Ek kon net nie sê wat daarop geskryf gestaan het nie. Die rede daarvoor is dat ek ongeleerd is, maar ek het gesien dat daar so 'n lap was. Mag ek nog iets sê?

Ja? -- Dit kan ek beskryf, ek sien dit, ek weet daarvan, want selfs by ons kerk het ons sulke lappe wat ons dra

op/...

op die manier wat beskryf word waarop geskryf is as ons iemand gaan begrawe en ook by die "society" van my waaraan ek behoort het ons so 'n lap wat ook so gehou word met stokke aan beide kante.

As u sê u is ongeleerd beteken dit u kan nie lees nie? -- Nee, ek kan nie lees nie. Ek het skool gelees toe ek nog in Graad 2 was. Sub B.

Is dit reg nie, daar was meer as een banier, so 'n lap wat die mense gedra het by die begrafnis? -- Nee, dit was nie baie nie.

Hoeveel sal u skat was hulle? -- Ek het net een gesien by die begraafplaas.

Was dit voordat beskuldigde nr. 20 gepraat het? -- Ja, dit is voor hy begin praat het dat ek dit gesien het.

Ek wil dit aan u stel daar was ten minste drie baniere. Een van UDF, een van COSAS en AZAPO? -- Wat is dit wat u nou van praat?

Kom ons los die name uit. Ek stel aan u daar was ten minste drie baniere gewees wat die mense mee daar voor gehardloop het of geloop het na die graf toe? -- Nee, ek het een gesien.

Maar u weet, die getuienis voor hierdie hof is dit is nie betwis deur die verdediging ook nie, beskuldigde nr. 20 het ook daardie getuienis gegee dat nadat hy gepraat het, was daar nog 'n banier aangebring by die graf? -- Ongelukkig het ek nie drie baniere daar gesien nie.

Is dit ook so dat vir hierdie begrafnis was daar 'n begrafnisbrief uitgegee, 'n program? -- As daar een was, het dit nie by my uitgekom nie. Ek het dit nie gesien nie.

Ek besef wat die hof se houding is oor die Phillip

Smith/...

Smith Saal, maar ek wil dit net aan die getuie stel dit is nie ŉ rede wat gehou was binne-in die saal nie, daar het ŉ politieke organisasie se mense hulle toegespreek en dit is ŉ bewysstuk voor die hof AAW12.

Is dit nie so dat daar in die saal waar u ook was het ŉ man namens COSAS ŉ toespraak gehou nie? -- Miskien as dit so is dat daar so ŉ persoon was, was die persoon toe nie genoem as ŉ lid van COSAS nie. Die naam was net gelees dat so ŉ persoon gaan praat.

Het daar ŉ jong man die mense toegespreek in die Phillip Smith Saal, ŉ skolier? -- Wie se seun?

Nee, ek weet nie wie is hy nie. Ek vra of ŉ skolier daar ŉ toespraak gemaak het? -- Nee, ek het hom nie gesien nie. Ek onthou dit nie.

Ek stel aan u dat daar is na elke spreker wat daar ŉ toespraak gemaak het in die saal vryheidsliedere gesing, nie geestelike liedere nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie. Ek het net hierdie twee waarvan ek reeds gepraat het gehoor. As ŉ mens nou praat van die begrafnis waar ek teenwoordig was, was hierdie twee die enigste wat daar gesing was.

Daar is gestel aan u, daar is volgens die begrafnisbrief ses vryheidsliedere gesing? -- Moet ek antwoord?

Ja, in die saak en u is verkeerd as u sê daar is net geestelike liedere gesing? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek kan nie onthou nie. Ek weet nie.

<u>HOF</u> : Weet u wat is ŉ vryheidslied? -- Ek kan nie ŉ verskil maak nie omdat ek nie weet wat dit is nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Die oorspronklike van AAW12, is dit moontlik om dit in die hande te kry?

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Ons kan reël.

HOF : Die oorspronklike is in my besit. U hoef nie te stuur daarvoor nie.

MNR. FICK : Nee, dat hy met u klerk reël.

HOF : U is gevra of daar ŉ kind gepraat het. Het daar jong mense gepraat? -- Ek kan nie meer onthou nie.

MNR. FICK : Ek wil aan u stel dat die sprekers op hierdie of by hierdie byeenkoms in die saal is voorgestel as van sekere organisasies en wil dit net nie erken vir hierdie hof nie? -- Nee, ek sal nie iets erken waarvan ek nie weet nie. Ek praat van wat ek gesien het.

HOF : Ek wil net vir u ŉ paar name lees, dan kan u miskien u geheue verfris. COSAS of Congress of South African Students; Thabong Youth League; Azanian People's Organisation of AZAPO; Release Mandela Committee; National Union of Mine Workers; Azanian Students Movement; Thabong Residents Action Committee. Lui enige van hierdie name by u ŉ klokkie? -- Nee.

MNR. FICK : Het u nie ...-- Wat se name is dit hierdie wat u nou gelees het?

Kan ek vir u so vra, die vereniging wat u aan behoort van die vroue, wat is die vereniging se naam? -- Thusanang.

Behoort u nie aan enige organisasie van die gemeenskap of van die inwoners van Thabong nie? -- Nee, ek is net ŉ lid van hierdie vereniging en na dit behoort ek aan ŉ kerk, as ŉ lid van die kerk.

Is by die begrafnis die geskiedenis van die oorledene Pappietjie Loape oor gepraat of uitgelees? -- ŉ Familielid van hom het iets daaromtrent gesê.

Was dit by die graf, in die Phillip Smith Saal of

waar/...

waar was dit? -- In die saal.

Het hy van 'n papier af gelees? -- Nee, hy het nie van 'n papier af gelees nie, want hy het nie 'n papier in sy hand gehad nie. Hy het net 'n mondelinge toespraak gemaak.

Ek wil vir u iets lees en vra of u dit herken of iemand dit gesê het op die begrafnis en iets gelees het "Pappietjie Loape was the son of Mr and Mrs H. Loape"? Was dit gesê? -- Ja.

Was daar ook gesê "He was born at Motse Thabong on 5 August 1966. He started his education at Henneman and thereafter he moved back to Welkom"? -- Dit was in Sotho gesê.

Was daar ook gesê "In 1974 he had the misfortune of losing one of his legs in an incident"? -- Ja, dit was gesê.

Was dit ook gesê "This unfortunately put an end to his educational career"? -- Nee, dit kan ek nie meer so goed onthou nie.

Kan u onthou daar was verder gesê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Is dit so dat hierdie nie 'n skoolkind was nie? -- Nee, dit kan ek nie goed onthou nie.

MNR. FICK : Is dit verder gesê "On 2 August 1984 he was brutally murdered by a member of the notorious racist para-military force during the school uprisings at Motse Thabong"? -- Verduidelik dit vir my nou?

Was daar gesê op die begrafnis dat hy is op 2 Augustus 1984 vermoor gedurende die skoolopstande in Thabong? -- Ja.

Deur die sogenaamde "notorious racist para-military force"?

HOF/...

HOF : Alternatiewelik deur die polisie? -- Wat gesê was is dat die polisie hom geskiet het.

MNR. FICK : Is daar verder gesê by die begrafnis "He is survived by both his parents, four sisters and a brother"? -- Ja.

En "As death is the way of flesh, may his fertilise the Azanian soul." -- Nee, dit weet ek nie van nie. Wat is Azanian?

Dit is 'n ander naam wat gegee word vir Suid-Afrika? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Sover soos wat ek vir u gelees het, dit wat u gehoor het, is dit alles deur dieselfde persoon gesê? -- Dit is nou die persoon wat iets te sê gehad het oor die dood van die oorledene.

Ek weet nie of u die volgende sal verstaan nie, maar kan u kyk of u onthou dat iemand dit gesê het "Long live the spirit that is toiling the masses of South Africa"? -- Wat is dit wat u lees?

Kom ek lees vir u die hele sin. Laat ek vir u so vra, is daar deur hierdie spreker verwys na Nelson Mandela ook? -- Nee.

Is daar op die begrafnis gepraat van Solomon Mahlangu? -- Nee.

As u sê nee, kan u nie onthou nie of wat se nee is dit? -- Ek onthou nie. Ek onthou nie dat daar so iets gesê was nie.

Ken u die spreuk "Aluta continua"? -- Jong, ek weet nie waarvan praat u nou nie. Wat is dit?

Dan neem ek aan u weet nie. -- Wat is dit wat u van praat?

Dit/...

Dit is ŉ Portugese slagspreuk "Aluta continua - the struggle continues"? -- "Continua"?

HOF : Is dit goeie Portugees of goeie Spaans?

MNR. FICK : Ek het dit as Portugees afkomstig van Angola, dat dit daar gebruik word. -- Wat sê u daaromtrent? Sê u dat dit daar gesê was by hierdie begrafnis?

Ek vra eerstens vir u, ken u so ŉ uitdrukking? -- Nee.

Dan los ons dit daar.

Was daar by hierdie begrafnis ooit ŉ lykswa? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie, maar as ek reg onthou was dit nie daar gewees nie.

Ek wil aan u stel dat u getuienis dat hierdie ŉ stil en stemmige begrafnis was van die begin tot die einde is vals. Ek wil aan u ŉ foto toon wat in volume 11 van die W reeks is, BEWYSSTUK W64. Dit is ŉ SASPU National volume 5 nommer 4 op bladsy 1 heel voor is daar ... -- Wat het hier gebeur? Moet ek na die boonste foto kyk?

Ja, die boonste een.

HOF : Daar is drie kleintjies bo. U moet nie na hulle kyk nie. -- Wat daarvan?

MNR. FICK : Dit is ŉ foto wat geneem is volgens die SASPU National van die begrafnis van Pappietjie Loape? Ek wil aan u stel volgens hierdie foto hardloop die klomp hier voor ŉ voertuig. Daar is party wat vuis in die lug het. Daar sit ŉ klomp mense bo-op die voertuig wat ook vuiste in die lug het en baie mense hardloop oop mond asof hulle besig is om te skreeu of te sing? Wat sê u daarvan? -- Nee, ek het dit nie gesien nie. As dit die geval is, dan sal dit die mense wees wat heel voor was, want ek was nie heel voor nie. Ek was agter.

Ek/...

Ek stel aan u die klomp het gehardloop by hierdie begrafnis. Hulle het nie geloop soos u netnou gesê het nie? -- Hulle was in staat gewees om vinniger te wees, want kyk, daar was voertuie gewees daar. Nie dat hulle gehardloop het nie, ek glo nie.

Ek wil ook aan u stel dat die mense op die foto lyk vir my die meeste van hulle is jong mense? -- Ek sê die meeste van die mense daar teenwoordig was die ouerige mense en die middeljarige mense was ook daar teenwoordig. Selfs die mense wat later by die stoet aangesluit het en geloop het na die begrafnis, was ouerige mense by gewees, maar ŉ mens moet nie uit die oog verloor dat daar wel tsotsi's ook was wat aangesluit het nie.

HOF : Sou dit nie gesê kan word dat daar op hierdie begrafnis ŉ sterk element was van jeugdiges wat slagspreuke geskreeu het, vuiste in die lug gegooi het en baie opgewonde geraak het nie? -- Verduidelik dit vir my ŉ bietjie.

Ek wil van u weet, is dit moontlik of sal dit heeltemal verkeerd wees om te sê dat daar op hierdie begrafnis ŉ aansienlike klomp jong mense was wat baie opgewonde was of kwaad, dat hulle vuiste in die lug gegooi het, wat slagspreuke geskreeu het en gehardloop het? -- Wat ek baie gehoor het, is die gesingery. Op pad het ek geen vuiste gesien wat in die lug gehou was nie..

MNR. FICK : En die singery was hierdie keer iets anders as geestelike liedere. Is dit reg? -- Daar is kerkliedere wat ons korter maak deur dit ŉ "chorus" te maak, byvoorbeeld soos Vuka Jona Sithandaze. Dit het hulle verskeie kere gesing en dit baie maal herhaal in die vorm van ŉ "chorus".

Kon u hoor wat almal sing in hierdie stoet as u in

ŉ/...

ŉ kar sit? -- Nee, as gevolg van die geraas van die voertuig met die masjien se trek, kon ek nie alles hoor nie. Ek kon net hier en daar hoor.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1226 KHOLIWE SELINA LEEBA, nog onder eed

HOF : Mevrou, het u groot geword in die Ciskei of in die Transkei of het u groot geword in die Vrystaat? -- Op ŉ plaas te Bothaville.

Van kleinsaf? -- Ja.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Voor ons by die begrafnis by die begraafplaas uitkom, daar by die saal, by die Phillip Smith Saal, is daar T-hempies te koop aangebied? -- Nee, daar was nie.

Is daar nie UDF T-hempies teen R5,50 te koop aangebied vir die mense by die Phillip Smith Saal nie? -- Ek het dit nie gesien nie. Dit het nie by my uitgekom nie. Ek het dit nie met my oë daar gesien nie.

Dan wil ek aan u stel dat tussen die begrafnisgangers wat nou daar na die begraafplaas geloop het, was daar mense, heelwat mense met COSAS en UDF T-hemde aan? -- Daar was mense met geel T-hempies aan. Hulle was nie baie nie, maar ek weet nou nie of dit dit T-hempies is waarna verwys word nie.

Die geel T-hempies wat u van praat, het hy op die voorkant ŉ embleem van mense wat marsjeer wat ŉ vlag vashou, mense wat loop? -- Daar was wel iets gewees aan die voorkant van die T-hempies. Ek het nie so goed gekyk om te kan sê wat daar op was nie, want daar was baie mense gewees.

Was daar ook swart en wit T-hempies? -- Daar was wel mense gewees met sulke T-hempies aan, maar ek kan dit nou

nie/...

nie beter beskryf as wat nou net gesê is nie. Ek het nie veel ag daarop geslaan nie. My belang was by die begrafnis. Wat se klere die mense daar aangehad het spesifiek, kan ek nie sê nie.

U edele, ek het die oorspronklike van BEWYSSTUK W64 by u klerk in die hande gekry. Ek wil net graag op rekord plaas dat op W64 die foto, op bladsy 1 van W64 is daar twee persone. En wat bo-op ʼn voertuig ry met ʼn UDF T-hemp en een wat aan die regterkant sit soos ʼn mens na die foto kyk wat ook met ʼn UDF T-hemp staan. Dit is meer duidelik op die oorspronklike.

HOF : Dit wil voorkom of daar twee op die voertuig is en een op die grond regs.

MNR. FICK : Dit is so. Ek was nie seker van die ander een op die voertuig nie. Kan u vir die hof sê hoe laat het die verrigtinge by hierdie Phillip Smith Saal begin? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar dit was so in die dag gewees.

Hoe laat het die begrafnis tot ʼn einde gekom waar die mense uitmekaar gegaan het by die graf? -- Dit was in die namiddag.

Laat in die namiddag of hoe laat sou u sê? -- Nie laat in die middag nie. Dit is net na middagete se tyd met die skaduwee se verandering na die ander rigting toe.

Nou wil ek kom by wat u sê beskuldigde nr. 20 sou gesê het op hierdie begrafnis. U sê onder andere het beskuldigde nr. 20 gesê "He made a strong request to attend to problems and settle the problems." -- Ja, dit is heeltemal reg.

Het beskuldigde nr. 20 gesê hoe moet hierdie probleme opgelos word? -- Wat hy gesê het was dat die ouers moet

met/...

met die kinders praat en die kinders skool toe vat.

Het beskuldigde nr. 20 verwys na organisasies? -- Ja.

Wat se organisasies het hy na verwys? -- Hy het ŉ voorbeeld gemaak van die organisasie aan wie hy self behoort het.

Watter een het hy gesê behoort hy aan? -- Hy het nie die naam van die organisasie genoem nie.

Glad nie? -- Nee, as dit die geval is dat hy dit genoem het, dan onthou ek nie, maar wat ek wel onthou is dat hy gepraat het van ŉ organisasie waarvandaan hy gekom het. Hy het nie die naam genoem nie.

Was dit die enigste organisasie waarna beskuldigde nr. 20 verwys het? -- Ja.

Is daar nie gesê julle moet ŉ organisasie stig nie? -- Nee, ek onthou dit nie.

Is daar ook nie gesê julle moet een of ander liggaam stig om hierdie probleme op te los nie? -- Nee, ek onthou nie.

Ek stel dit aan u, hierdie wat u beskuldigde nr. 20 toedig wat hy sou gesê het by die graf is nie die waarheid nie? -- Dat die ouers aandag moet gee aan die kinders se probleme?

Kom ek sê vir u wat is nie die waarheid nie. Dat beskuldigde nr. 20 sou gesê het dat die probleme by die skool het die dood van Pappietjie Loape tot gevolg gehad? -- Hy het gesê daar was ŉ deurmekaarspul gewees. Die oorsprong daarvan was die skool na aanleiding waarvan die persoon dood is.

En ek stel dit aan u hy het ook glad nie verwys na ŉ tekort aan boeke nie? -- Bedoel u toe hy gepraat het by die

graf/...

graf?

Dit is reg? -- As dit die geval is, sê ek hy het gepraat van die oorsprong van hierdie moeilikheid dat dit die skool was en gepraat daarvan dat die kinders se probleme opgelos moet word. Met dié het ek aanvaar dat hy ook hierdie probleem van die tekort van boeke daarby ingesluit het.

Maar hy het dit nie gesê nie? -- Nee, nee, hy self het dit nie gesê nie, maar ek is die persoon wat dit betrek het in die toespraak.

En hy het ook nie gepraat van dat die kinders kla die onderwysers vloek op hulle en noem hulle varke nie? -- Ek sal dit so verduidelik. Hy het gepraat van die probleme van die kinders wat opgelos moet word waaraan die ouers aandag moes gee, maar omdat ek geweet het van die klagtes wat alreeds bestaan het van die skoolkinders, in dit wat hy gesê het, het ek toe die probleme waarvan ek geweet het in die hele toespraak van hom betrek dat hy dit bedoel terwyl hy self dit nie mondelings gesê het nie.

En het hy ook nie verwys na die geval waar 'n onderwyser 'n meisie sou geskop het nie? -- Ja, dit is waar. Omdat hy melding gemaak het van die moeilikheid.

Hierdie verwysing na die meisie wat deur die onderwyser geskop sou gewees het, die verdediging het dit gestel aan die staatsgetuies dat dit 'n seun is wat geskop is? -- Wat ek gehoor het was dat 'n meisie geskop was.

U edele, net vir u eie gerief volume 118 bladsy 5 925. Daar is die bewering gemaak teenoor die getuie Hugo dat een van die skoliere beweer hy is in die maag geskop deur mnr. Rossouw.

Dan stel ek dit ook verder aan u, beskuldigde nr. 20

het/...

het glad nie gesê dat sy organisasie strewe na vrede en hy self is 'n vredeliewende mens nie? -- Hy het dit gesê.

Hy het verder, stel ek dit aan u, ook nie gesê dat die regering beskou hulle as mense wat gewelddadig is nie? -- Hy het daarvan gepraat dat dit gesê word dat hulle nie vir vrede werk nie, terwyl hulle probeer om vrede te bring.

Ek stel dit aan u, beskuldigde nr. 20 het ook daar gestaan waar u nou staan en hy het ook getuig oor wat hy sou gesê het en hy het dit nooit vir die hof gesê nie. -- Nee, as hy dit sê, dan weet ek nie, maar dit is hoe ek gehoor het.

MR BIZOS : I may say that a general statement was made by accused no. 20 that generally whenever he spoke he underlined this.

MNR. FICK : U het netnou vir die hof gesê dat beskuldigde nr. 20 het glad nie gepraat van organisasies of liggame wat gestig moet word nie, maar dit is wat beskuldigde nr. 20 sê wat hy vir julle gesê het? -- As dit die geval is kan ek nie meer so goed onthou nie, maar wat ek onthou is dit wat ek hier vertel.

Beskuldigde nr. 20 sê hy het vir julle gesê julle moet 'n komitee stig om die probleme op te los? -- Nee, ek onthou dit nie.

Is dit nie so dat beskuldigde nr. 20 het gesê toe hy daar gekom het, toe maak hy verskoning dat hy laat is en toe sê hy dit is die "white element" wat hom gearresteer het en daarom is hy laat nie? -- Ek weet nie, want al wat ek gehoor het is toe hy gepraat het van die polisie, dat dit die oorsaak was dat hy laat is.

HOF : Watter taal het hy gepraat? -- Sotho.

Volg/...

Volg u dit goed? -- Ek volg Sotho, ja, redelik goed, maar ek sal nie sê ek ken Sotho baie goed nie, want dit is nie my huistaal nie.

MNR. FICK : Is dit nie verder so nie dat beskuldigde nr. 20 het hier vir die mense gesê dat die vryheidstryd kan nie gestop word nie, dit het in 1912 al begin en van toe af is die blankes besig om die swartes te probeer verdeel? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Dit is moontlik dat hy dit gesê het, maar u vergeet dit soos wat u die ander goed vergeet het? -- Ek dink amper so, ja. Ek glo daaraan dat ek dit miskien vergeet het. Ek weet nie.

Is dit nie ook verder so dat beskuldigde nr. 20 het ŉ spesiale beroep op die vrouens gedoen en gesê die vrouens moet bymekaar kom en hulle moet in die stryd betrokke raak nie? -- Nee, ek onthou dit nie.

Is dit ook moontlik dat dit gesê is? -- Ek praat van wat ek gehoor het. Daar is sekere dinge wat ek glad nie kan onthou nie.

By hierdie graf het ŉ predikant toe gebid maar hy het nie gebid soos by enige begrafnis nie, want hy het gesê die oorledene is vandag ŉ baie bly man, want hy is vandag saam met Steve Biko en Solomon Mahlangu en dié manne? Is dit reg? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie. Ek het geluister na die gebed. Ek het dit nie gehoor nie. Hy het net normaal gebid. Dit het ek nie gehoor nie.

Jy het dit nie dalk vergeet nie? -- Ek kan nie onthou dat hy ooit melding gemaak het van mense se name in sy gebed nie.

Is dit nie so nie, daar het toe nog ŉ voertuig aangekom

by/...

by die graf net voor julle daar weg is nie met 'n man van Johannesburg af?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Met 'n ander man van Johannesburg af?

MNR. FICK : Met 'n ander man van Johannesburg af? -- Ek onthou net van een voertuig wat daar gekom het. Dit is die een waarvan ek praat. Ek het nie 'n ander een gesien nie.

Die man het uit die kattebak van die voertuig 'n vlag gehaal waarop gestaan het "RMC" en hy het toe ook daardie vlag vertoon by die graf? -- Daar was 'n vlag gewees wat (10) te voorskyn gebring is toe ons by die graf kom. Wat daarop geskryf was, kan ek nie sê nie.

Die vlag wat ek van praat wat uit die kattebak gehaal is, het rooi en geel kleure opgehad? -- Nee, hierdie een was wit.

Toe die begrafnis nou verby is, is dit reg, daar het 'n klomp mense weer teruggeloop agter hierdie baniere waarvan u reeds gepraat het in die woonbuurt in? -- Na die begrafnis, is ons wat per voertuig daar gekom het, weg. Die mense wat te voet gekom het het later agterna gekom. (20) Ons is toe vinnig weg. Ek kon nie sien wat agter ons gebeur het nie, maar ek het toe nie gekyk of hulle nou 'n vlag gehad het toe hulle daar kom of nie.

Op die betrokke dag by die begraafplaas, het u die polisie gesien in die omtrek? -- Ja, 'n entjie ver van die begraafplaas af het ek hulle gesien staan.

Hulle het julle in vrede laat ry. Hulle het niks met julle te doen gehad nie? -- Ek het bewus geword van die polisie se teenwoordigheid daar buite die begraafplaas met ons aankoms daar. Terwyl 'n persoon ingaan by die (30)

begraafplaas/...

begraafplaas skuins links voor buite die perseel, was die ander polisie gewees ver vanaf die perseel en dan weer skuins regs voor in 'n V vorm, ook ver van die begraafplaas.

Van die groep voertuie wat daar weg is saam met u, is niemand van hulle gemolesteer of voorgekeer deur enige van die polisie nie? -- (Tolk deel hof mee dat hy nog nie klaar getolk het wat die getuie gesê het nie) Toe ons uitgegaan het na die begrafnis het hulle niks aan ons gedoen nie. Dieselfde geld met die aankoms daar. Hulle het niks aan ons gedoen nie.

